Prediker: Gerhard vd Merwe 12 April 2026

Skriflesing: Matteus 6: 14-15. Matteus 18:21-35

Die storie wat Jesus vertel, is nou verweef met wat Hy gesien het afspeel in die hemel. ‘n oneindigende genadige Vader wat vergewe. N Mensdom wat n rekening van skuld opbou wat onbetaalbaar duur geword het en nooit vereffen sal kan word nie. Elke keer as ek nie soos die Vader opgetree het nie, is dit by my skuldrekening geplaas. Teen hierdie tyd van ons geestelike lewe moet ons nou al sekerlik die Vader se hart ken en sy manier van reageer verstaan. Ons behoort sekerlik teen hierdie tyd al te verstaan dat die Vader altyd met nederigheid kyk na mense en nooit Sy eie ego wil streel of se eie ek wil handhaaf nie. Ander mense kom altyd eerste. Hy dien met oorgawe. EN as ons by Jesus hoor dat Hy net se wat Hy die Vader hoor se en net doen wat Hy die Vader sien doen, dan moet ons ten minste na Jesus se voorbeeld kan kyk en dieselfde doen soos Hy gedoen het. Soos die Bybel ons vertel dat Jesus gedoen het. Elke keer as ons sukkel of nalaat om die goeie te doen wat Jesus doen of wat van die teenoorgestelde... Elke keer as ek iets onnodig doen, soos Paulus dit skryf... Ongeduldig is, onvriendelik is, jaloers optree, vertel hoe goed ek nou eintlik is en hoekom my mening eenvoudig gehoor moet word, elke keer dat ek vol is van myself, as ek onwaardig optree of my eie belange voorop stel. Elke keer as ek kort van draad is, boekhou van die kwaad, my verlekker as iemand swaar kry, want dis mos sy verdiende loon, elke keer as ek n ander se foute aan die groot klok ophang, dan is die liefde van die Here en Sy karakter nie in my nie. En die skuldlas word n onbetaalbare berg voor my. Tot Jesus eendag, onherkenbaar vermink met n kruis geloop het en gesterf het aan n kruis. En daarmee het Hy die onbetaalbare skuldlas in een dag vereffen. Vrygespreek en herstel. Nuut gemaak en skoon gewas.

In die bergpreek vertel Jesus dat ons ander moet vergewe soos die Vader ons vergewe het. En as ons nie andere wat teen ons sondig vergewe nie, sal ons Vader ons ook nie vergewe nie. Dit klink nogal erg. Die karakter van God word baie mooi hier uitgedruk. Jesus se nie dat die Vader ons KAN vergewe as ons mooi vra nie. Ook nie dat Hy KAN vergewe as ons eers ons naaste vergewe nie. Die karakter van God is om te vergewe al kom daar NIKS van die oortreder se kant af nie.

Jesus kyk hier na die kern waarheid van vergifnis en die menslike manier van kyk na vergifnis. Daar is n groot verskil tussen iemand wat vergewe wil wees en iemand wat net uit die moeilikheid wil kom. Kyk maar na die verskonings wat ons kan uitdink en redes wat ons kan ophaal om te verduidelik hoekom ons iets gedoen het. Maar as jy agterkom dat jy n dieper karakter probleem het, en jy wil rerig vergewe word, dan vra dit eerlikheid en diep gesprekke, soms n berader en dikwels n diep eerlike pynlike verandering. Dit beteken dat ek besef ek is verkeerd en ek wil die tipe mens word wat nie so iets wil doen nie.

So as ek God sou vra vir vergifnis, dan is daar n paar dinge wat belangrik is. Ek moet heel eerste besef dat my optrede is verkeerd en ek wil graag n ander tipe mens wees. Dis nie n maklike “vergeef my sondes sodat ek uit die moeilikheid kan kom en kan aangaan met my lewe nie. Dalk moet ons minder vra vir vergifnis, en meer wonder oor hoe ek die tipe mens kan word wat God wil he ek moet wees. En as ek agter kom dat ek verkeerd optree, en kom agter hoe God wil he dat ek moet wees, dan vra vir vergifnis en dat Hy my sal wys hoe ek die mens kan word wat Hy wil he ek moet wees. Dit sal n pynlike proses wees om dit te verander.

Maar kom ons gooi die proses om... Iemand kom jou te na en vra vir vergifnis. As ons nie wil vergewe nie en ons se dit net, maar dra n wrok teen daardie persoon en vermy hom of haar omdat

ons seergemaak en bitter voel oor wat hulle aan ons gedoen het, dan het ons ook nie God se karakter in ons nie. Hy sal wil he ons moet soos Hy optree. Vergifnis is n stuk genade wat onverdiend is. En met oorgawe gegee word. En dit op sy eie is n enorme pynlike proses.

Dis onmoontlik om God se enorme liefdevolle en genadige vergifnis vir my te begryp en ook onverbiddelik hard en sonder vergifnis teenoor iemand anders te kan optree. Wanneer ek God se sagte hart vir my ervaar, sal dit my lewe verander, en as my lewe verander sal ek soos Hy kyk na die lewe om my. Sy gesindheid sal dan in my wees.

Vergifnis is ook nie dieselfde as die herstel van die verhouding nie. As die ander persoon nie herstel wil he nie, is herstel onmoontlik. EN tog vra die Here dat ons met Sy hart na mense met sonde teen ons sal kyk. Vergifnis kan diep, diep letsels laat en die pyn wat ons aangedoen is kan n rou seer oop krap wat ons dalk eerder sou wou los. As ons God se hart vir onsself wil he wat ons sonde vergewe, selfs al het ons dit keer op keer gedoen. Met n goedkoop vergewe my want ek wil net nie die straf dra vir my sonde nie, en Hy doen dit. As God dan ons harte kom verander sodat ons met Sy liefde kyk en vergewe, dan sal ons harte verander soos die klip hart van Esegiel uitgeneem word en n sagte hart ingesit word.

Dalk moet ons eerder bid dat die Here ons Sy hart sal laat sien as wat ons die onreg ons aangedoen sommer so kan vryspreek. Mag die Here jou hierin met sagtheid help.

My skuldlas is onberekenbaar groot en God se genadige liefdevolle bloed betaling het my vrygespreek.

Ons Vader se hart het nie verander teenoor ander mense wat my ook te na kom nie. Sy liefde is steeds oorweldigend en wil hulle ook vergewe.

As ek vra om vergewe te word, is dit nie n “Get out of jail” kaartjie nie. Dit vra n lewensverandering van my. Dan word ek meer soos Jesus.

Wanneer ek meer soos Jesus word, sal Sy liefdeshart wat andere wil vergewe ook in my wees.

Here, soms sukkel ons om te vergewe soos U ons vergewe het. Wys my U hart van liefde, kom sit dit in my hart ook, want ek wil vergewe soos U my vergewe het. Amen.